

JEUGLES: Inleiding – Gawes van die Gees

1. Praise and Worship

2. Ysbreker: Skattejag

- Voordat ons met die skattejag begin trek elke groep 'n nommer.
- Elke groep het 2 boksies om te soek, hulle mag NET die 2 boksies terugbring met hulle nommer op.
- Niemand steek 'n ander groep se boksies weg of vat dit nie. Leiers help asb met hierdie een!!

3. Process die ysbreker:

- Die boksies wat julle gaan soek het is soos geskenkies oorgetrek.
- Wie hou van geskenke kry?
- Wie hou van geskenke gee?
- Vanaand gaan ons bietjie gesels oor die spesiale geskenk wat God vir ons gee deur Sy Heilige Gees. Ons praat oor die Gawes van die Heilige Gees.
- Vir baie van God se kinders is die Gawes van die Heilige Gees soos 'n skattejag, hulle weet nie regtig WAT dit is nie (julle het nie geweet WAT julle soek nie), en hulle weet ook nie hoe dit werk nie (julle het nie geweet waar om daarvoor te gaan soek nie).

4. Gawes van die Gees:

God gee vir ons Sy Heilige Gees om ons te help met ons pad hier op aarde. Dink julle dat hierdie geskenk so toe moet bly? Nee, die Heilige Gees is dan hier om ons te help. Soos julle al verlede kwartaal gehoor het, is die Heilige Gees hier om elke Christen te ondersteun, lei en te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Hy is ook daar om God se kerk te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Dis dan juis hier waar die gawes 'n baie belangrike rol speel.

Dis BAIE belangrik om te onthou dat ek NET die Gawes kry as ek 'n kind van God is, en dat dit die Heilige Gees is wat die Gawes gee. Dis nie ek wat so oulik is nie, die Gawes kom van die HEILIGE GEES af!! ***Kom ons lees gou 1 Kor 12: 4-11 voordat julle begin.***

Groepwerk:

- Het julle al van die Gawes van die Gees gehoor?
- Maak boksie nr 1 oop, binne-in is 'n 'matching-game'.
- Kyk of julle die regte prentjie by die regte Gawe kan 'match'.
- Wanneer julle daarmee klaar is kom kry elke groep 'n leidraad lys by my.
- Julle moet kyk of julle volgens die leidrade kan 'uitfigure' wat elke Gawe beteken.
- Wanneer julle daarmee klaar is maak julle boksie nr 2 oop vir die laaste 'matching-game'.
- Hier moet julle kyk of julle die regte Gawe by die regte beskrywing kan 'match' nadat julle al die leidrade gekry het en bietjie tyd gehad het om daaroor te gesels.

5. Afsluiting:

Elke gawe is anders en ons almal kry verskillende gawes, maar die doel van dit alles is om God te verheerlik en Sy kerk op te bou. Dit is nie daar vir ons nie, maar om ander te help. Soos in 'n "band" waar daar vele instrumente is, is God se kerk vol verskillende mense wat verskillende gawes kry. Tog kom al die instrumente pragtig bymekaar om 'n liedjie te maak. So maak almal se gawes saam 'n kragtige kerk vir Jesus om siele te red.

6. Sluit af met gebed en deel selfone uit.